# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen.* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad.*

DEEL XVI, No. 494.] 11 SEPTEMBER 1931. GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [PRYS 4D.


# Die Afrikaanse Eisteddfod

SOWAT vier jaar gelede het DIE HUISGENOOT as peetvader opgetree toe die Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad gedoop is. Die Walliese agternaam het die kindjie ongelukkig behou — 'n naam waarmee 'n mens gedoop is, word nou eenmaal nie maklik verander nie — maar dit maak ook nie saak nie, want dit is tog per slot van rekening alleen die prestasies wat tel. En hoe het die kind nie gegroei nie! Let maar op die volgende syfers: In 1928 was daar 421 inskrywings as volg verdeel: sang en komposiesie, 65; letterkunde en voordrag, 218; hande-arbeid, 138. Die volgende jaar was daar minder mededingers in die afdeling letterkunde en voordrag, maar in die ander afdelings was daar weer 'n vermeerdering, met die gevolg dat die totale inskrywings op 474 gestaan het. In 1930 het die groot totaal tot 585 gestyg, as volg verdeel: sang en komposiesie, 106; letterkunde en voordrag, 281, hande-arbeid 151, en vir die Chappell-prys het daar nie minder as 47 inskrywings ingekom nie.

Vanjaar het meer as een gevrees dat die onderneming agteruit sou gaan, want die ywerige sekretaresse was 'n tyd lank weg, en dit is altyd moeilik vir plaasvervangers, al is hulle ook hoe ywerig en bekwaam, om dadelik al die drade in hande te kry. Dog daar was nie alleen geen agteruitgang nie, maar die inskrywings het selfs met oor die sewentig gestyg, en as die tye beter was, sou dit seker nog hoër gewees het. Vir vanjaar is die vernaamste syfers as volg: sang en komposiesie 107; letterkunde en voordrag 301; hande-arbeid 250.

Maar hierdie syfers gee nie 'n ware beeld van die uitgebreidheid van die werk en invloed van die Eisteddfod nie. Dit is maar net die uitgesoekte mededingers wat in Kaapstad kom optree. Oral in die skole van die Westelike Provinsie en selfs op plekke wat honderde myle van Kaapstad verwyder is, word toetse deur die onderwysers gehou om die mededingers vir die wedstryde in Kaapstad uit te sif sodat alleen die bestes hierheen gestuur word. In Kaapstad word dus maar net die klimaks gesien van 'n onderneming wat soos 'n suurdeeg deur die land werk.

En watter resultate is daar reeds van die werk van die afgelope vier jaar merkbaar? Ons het die geleentheid gehad om die voordragte te hoor, en dit het ons getref hoe suiwer die uitspraak van die meeste deelnemers is. By baie van hulle het ons andermaal geleer hoe klankryk en beeldend ons taal is. Gedra op die klanke van 'n welluidende, geskoolde stem, het meer as een juweeltjie uit ons letterkunde op die Eisteddfod vir ons 'n nuwe betekenis gekry. 'n Bekende digter en prosaskrywer het met bewoë stem aan een van die voordraers gesê dat hy hom sy eie werke in 'n nuwe lig laat sien het.

Meer samewerking van die kant van die platteland is 'n ander bemoedigende teken. Aansoeke kom gedurig uit verskillende rigtings om inligtings in verband met die organiseer van plaaslike wedstryde. Die leerlinge van vroeër deelnemers bereik hoë prestasies. Die werke van ons komponiste kom onder die aandag van die publiek. Hierdie jaar kon reeds nege liedere van ons eie komponiste voorgeskryf word, en nie minder as veertien skoolkore het vanjaar aan die wedstryde deelgeneem nie. As dit so aangaan, is ons so langsamerhand besig om 'n singende volk te word.

Die afdeling vir hande-arbeid was miskien een van die glanspunte van die hele onderneming. Vlyt was altyd 'n kenmerk van die Afrikanerdogter, huisvlyt haar trots. Vroue en dogters wat sulke handwerk kan lewer, kan nie anders as tot inspirasie dien nie. Die afdeling vir seuns is ongelukkig nog maar skraal, maar die gelewerde werk is van hoë gehalte.

En wat staan ons te doen om die werk van die Eisteddfod te bevorder? Plattelandse dorpe kan meer doen aan meerstemmige sang, veral ten opsigte van kore vir volwassenes. Die toneelopvoerings laat ook baie te wense oor. Elke jaar is dit hoofsaaklik maar dieselfde groepies wat deelneem, en meestal is dit deelnemers wat ook in ander afdelings optree. Waar bly dan die plattelandse toneelspelers omtrent wie se merkwaardige natuurlike aanleg vir die toneelspel ons al soveel gehoor het? Skole kan ook meer doen aan tekenwerk en die houtwerk-afdeling word ook nog maar swak ondersteun.

Die geldelike sy van die onderneming moet ons ook nie uit die oog verloor nie. Dit kos nie alleen tyd en inspanning om so 'n onderneming aan te pak nie, dog geld is ook nodig. 'n Paar offer hulle op aan wat vir hulle 'n liefdediens is en moet hulself ook nog afsloof om die nodige fondse in te samel. Soos ons reeds gesê het, is die Eisteddfod nie net 'n onderneming wat tot Kaapstad beperk is nie. Sy invloed strek oor die hele provinsie, selfs oor die hele land, want die geesdrif wat hier opgewek word, sal later in dade in ander plekke uiting vind.

Groter nog as die uiterlik waarneembare sukses van die Eisteddfod is die invloed wat dit in stilte uitoefen. Dit dien as 'n geestesdryfkrag om andere aan te spoor. Hier leer die kinders om wat hul eie is te respekteer, om ons nasionale hoogmoed te versterk, om ons gelykwaardigheid met ander nasies te verseker. Soos die Voorsitter in 'n waarderende artiekel oor die onderneming gesê het: „Dis die siel wat uiteindelik regeer; die liggaam is maar sy werktuig." Die Eisteddfod skep die regte gees. Die ander dinge sal ons as vanself toegeworpe word.

### *DIE MAN SE STANDPUNT.*

Ek vra die mannetjie-volstruis:
"Waar is jou vrou?" Hy sê: "Sy's tuis,
Waar vrouens hoort; sy sit en broei."
Ek sê: "Terwyl die son so skroei?

"En wanneer help jy dan vir haar,
Of kry net sy alleen dit swaar?"
"My beurt kom in die nag," sê hy,
"Dan is dit hare om te wei."

"Dan is dit koel," sê ek, "en jy
Slaap in jou slapenstyd, en sy
Moet in die donker kossies pik—
Jy vreet jou in die daglig dik."

"Haar diens is liefdediens," sê hy;
"Haar swaarkry is haar lekkerkry;
Haar saligheid, haar vrouedeel
Om nooit te voel sy gee te veel."

C. J. L.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012